
Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 2, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# OPERASIE SAVANNAH DAGBOEK VAN KAPT J.A. LAUBSCHER[1]

**Van annotasies voorsien en vir publikasie voorberei deur kmdt Sophia du Preez***

**The diary of Captain, as he was then, J.A. Laubscher forms the basis of this article. Since the ending of the SADF involvement in Angola, a number of books have been published concerning this conflict. This personal, day by day, account of events as they took place during Operation Savannah, is another chapter in the annals of South African military history.**



***Kol J.A. Laubscher.***

Jacobus Andries Laubscher, op 10 Desember 1945 gebore te Louis Trichardt, het sy kinderjare deurgebring op Graskop in die skilderagtige mooi Oos-Transvaal, en in 1961 op Lydenburg gematrikuleer. Die volgende jaar het hy Nasionale Diensplig gedoen, 'n jaar later geattesteer en in Desember 1967 die B.Sc.(Mil)-graad aan die Militêre Akademie behaal.

Sy loopbaan as artilleris het by 42 Battery, 4 Veldregiment begin waar hy tot 1972 werksaam was, toe hy as skietinstrukteur na die Artillerieskool verplaas is. In 1973 en 1974 word hy instrukteur by die G-tak van die SA Leër Kollege en daarna bevorder tot Hoofinstrukteur Skietkuns by die Artillerieskool.

1. Die skrywer het goedgunstig toestemming verleen dat die dagboek gepubliseer word op die voorwaarde dat enkele verwysings van persoonlike aard oor die dagboekskrywer en van sy kollegas, weggelaat word. Ter wille van leesbaarheid is weggedoen met die baie afkortings in die oorspronklike manuskrip en die teks van sub-titels voorsien. Waar woorde, sinsnedes of sinne tot die teks toegevoeg is, is dit met vierkantige hakies [] aangedui terwyl dotjies (...) gebruik is vir die enkele weglatings uit die oorspronklike teks.

Sy omvangryke opleidingservaring was goed van pas toe hy in 1979 as eerste instrukteur onder kmdt Felix Hurter by die Artillerietak van die Leërgevegskool na Lohatla gegaan het. Twee jaar later is hy terug op Potchefstroom, eers in bevel van 4 Veld Regiment en vanaf 1983 van die Artillerieskool. Sedert 1987 is hy Direkteur Artillerie by die Leër Hoofkwartier in Pretoria.

Kol Laubscher se dienstyd is onderbreek vir operasionale diens in 1975 tydens Operasie Savannah toe hy aanvanklik as waarnemer en later as batterybevelvoerder by Veggroep X-Ray aangestel is, die beplanning vir die afslaan van Swapo se gewaardeerde aanval op Katima Mulilo in Augustus 1978, in 1981 as Regimentsbevelvoerder tydens Operasie Protea en weer in 1986 as Artilleriegroepbevelvoerder tydens Operasie Alpha Centauri.

Uit sy huwelik met Hettie is vyf kinders gebore. Sy stokperdjies, waaronder houtwerk, boukuns, sweis, tuinmaak en motorherstelwerk, getuig van sy liefde vir fisiese aktiwiteite.

## Oproepinstruksies – bestemming geheim

*Saterdag 15 November 1975:* 1500. Besig om aan motor te werk. Offisierslaan 4.[2] [Noordwestelike] Kommandement offisier van diens waarsku my om kmdt[3] Lombard Pretoria te bel voor 1700. Hy lig my in dat ons Stafdienskursus vir alle praktiese doeleindes op Vrydag 14 November verby is, dat ek Sondag 16 November moet uitklaar by Kollege,[4] dat 'n spesiale taak vanaf Maandag 17 November op my wag.

*Sondag 16 November 1975:* Klaar uit by [Leër-]kollege. Bring nag saam met gesin by Hanneshulle[5] deur. Verneem as Skakeloffisier by DS3 [afdeling operasies] aangestel.

*Maandag 17 November 1975:* Afskeidstoespraak brig Van der Westhuizen[6] 0830. Voorligting kmdt Gert Nel,[7] kol Kierie van Vuuren, Antoon Cook 0900. Voorligting genl Van Deventer[8] 0945. As artillerie adviseur [en instrukteur vir die FNLA se soldate op die 130 mm geskut op Ambriz] in 3 M[ilitêre] G[ebied onder] brig Roos[9] aangestel. Doen res van dag navorsing op vyandelike geskut. Teen 1900 aangesê om by 14 Veld Regiment Potchefstroom aan te meld.

*Dinsdag 18 November 1975:* Vertrek met gesin na Potchefstroom 0700. Meld by 14 Veld Regiment aan. Aangestel as 2 I/B [tweede in bevel van] 14 [Medium Regiment[ met Felix [Hurter][10] as 2 I/B van 4 Veld [Regiment], beide onder bevel van Joffel [van der Westhuizen].[11] Bestee res van die dag saam met PRB[12] en [kmdt] Joffel [van der Westhuizen] om regiment gereed te kry vir beweging [en] trek persoonlike uitrusting.

*Woensdag 19 November 1975:* Gaan aan met voorbereiding. Vertrek na Pretoria saam met [kmdt] Joffel [van der Westhuizen] en RSM[13] [regiment sersant-majoor] per L[and] R[over] om 1430. Bestee res van dag by Toutjies[14] se huis [en] trek klere. Slaap by Kollege.[15]

*Donderdag 20 November 1975:* Vertrek met Skymaster vanaf Waterkloof na Grootfontein. Arriveer Grootfontein 1200. [Kmdt] Joffel [van der Westhuizen] en RSM daarna verder na Rundu. [Kapt] Felix [Hurter] om 1200 vanaf Waterkloof direk na Rundu. Bestee res van dag aan voorbereiding vir ontvangs van regiment.[16] Tweede-lt Bernett Pols en aantal troepe arriveer Grootfontein per vliegtuig vanaf Mpacha ± 1700. Willys Blaauw,[17] Sarel [Myburgh], AO Schoonwinkel. [staf-sers] Van Zyl en Sers Mill arriveer per trein vanaf Walvis[baai] ± 1600. Ontmoet maj M.A. du Plessis [en] kmdt [Frank] Gentle as Stafoffisiere by Grootfontein Onderhouds Eenheid [se] hoofkwartier.

*Vrydag 21 November 1975:* Hang op vliegveld

2. Adres van woning te Potchefstroom.
3. Kmdt Paul Lombard.
4. SA Leërkollege, Pretoria.
5. Hannes Kleynhans, swaer in Pretoria.
6. Brig P.W. van der Westhuizen, bevelvoerder van die SA Leërkollge, het amptelik afskeid geneem van die kursusgroep se offisiere wat vir operasionele diens opgeroep is.
7. Kmdt Gert Nel.
8. Genl-maj A.J. van Deventer is die vorige week as bevelvoerder van 101 Taakmag aangestel met operasionele verantwoordelikheid vir alle operasies in Angola en die noorde van Namibië. Sy hoofkwartier was op Rundu.
9. 3 Militêre Gebied het op daardie tydstip die gebied noord van Luanda in Angola behels. Brig Ben de Wet Roos was die senior offisier in bevel van die ongeveer 20 soldate van die SA Weermag wat ter ondersteuning van mnr Holden Roberto van die FNLA twee 140 mm kanonne by Ambriz ontplooi en gedeeltelik beman het.
10. Kapt Felix Hurter.
11. Kmdt C.P. (Joffel) van der Westhuizen, bevelvoerder van 14 Veldregiment. Hy het opdrag ontvang om in bevel van 'n artillerie regiment na die operasionele gebied te vertrek. Omdat hierdie regiment met medium (140 mm) geskut sou opereer, is die regiment onseremonieel van 14 Veld- na 14 Medium Regiment herdoop!
12. P.R.B. du Plessis.
13. Adjudant-offisier Dirk Venter, Regiment Sersant-majoor van 14 Veldregiment.
14. Toutjies Venter, wat op Voortrekkerhoogte gewoon het.
15. SA Leër Kollege, Voortrekkerhoogte.
16. Die res van die personeel en uitrusting is is per pad/trein vanaf Potchefstroom na Grootfontein.
17. Maj Willis Blaauw is as Battery Bevelvoerder aangestel by Taakmag Zulu op die Sentrale Front.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 2, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

rond (Grootfontein). Bekyk aktiwiteite. Besigtig gebuite ammunisie en 3 × 120 mm Hotchkiss Brandt mortiere. Kmdt Joffel [van der Westhuizen], [kapt] Felix [Hurter) en RSM [Dirk] Venter arriveer vanaf Rundu, trek in by Grootfontein.

*Saterdag 22 November 1975:* Gaan kyk saam met [kmdt] Joffel [van der Westhuizen] na moontlikheid om op Grootfontein Kommando se opleidingsterrein met 1╪1[18] [kanonne] te skiet. Moontlikheid baie beperk met waarneming vanaf vliegtuig beheertoring of uit lug vanweë gelyk terrein en baie bosse. 0910 – JLR[19] met battery en [maj) Tinus Brown, artillerie uitrusting en 140 mm ammunisie arriveer per trein in Grootfontein. Hou toesig oor aflaai van ammunisie. Daardie deel van regiment medium [geskut] onder afdak (deel van nuwe onderhoudseenheid te Grootfontein). Stig 'n regimentskantoor onder [die]selfde afdak en begin om personeel, geskut en uitrusting [se] administrasie agtermekaar te kry. 1630 – AO Jenkins met 1╪1 [kanonne] en voertuie arriveer per trein te Grootfontein vanaf Pretoria. So teen 1700 word eerste veldkanon met -trekker gekamoefleer – spreiverf.

*Sondag 23 November 1975:* Gaan aan met voorbereiding om op Dinsdag 25 November 'n veldbattery ([onder maj] Tinus Brown) uit te vlieg [vir Veggroep X-Ray wat in Oos-Angola moes opereer] en later in selfde week 'n medium battery (Louis)[20] plus 'n ligte RHK [regimentshoofkwartier], ([dit is die] bevelvoerder, self, RSM Venter en Sers Homan) per pad in te beweeg. Kapts Chris Human, Pottie en Carel Theron arriveer met hul batterye[21] vanaf Mpacha per vliegtuig. Gedeelte van Carel se battery nog steeds daar. As gevolg van personeelprobleme word ek uiteindelik ingedeel as I Troep bevelvoerder by [maj] Tinus Brown se battery. Word as adjudant/ 2I/B afgelos deur Willys Blaauw. S[nel] V[uur] 88 mm ammunisie arriveer per trein. Ek bereken hoeveel ammunisie op 'n Bedford ammunisievoertuig gelaai kan word. Beoogde regiment organisasie: 4 Veld verskaf 2 x Veld-, 1 x Medium Battery, 14 Veld 1 x Veld-, 2 x Medium Batterye met batteryebevelvoerders soos volg:

(a) P Battery (Med) : CB [Chris Bouwer)[22]
(b) Q Battery (Veld) : JCDF [Bosch][23]
(c) R Battery (Med) : JLR [J.L. Rheeder]
(d) S Battery (Veld) : CH [Chris Human]
(e) T Battery (Veld) : [Maj] Tinus Brown
(f) U Battery (Med) : [Maj] Willys B [Blaauw)

*Maandag 24 November 1975:* Gaan aan met voorbereiding om more met mag [X-Ray] te begin uitvlieg. Ons bagasie en 1╪1 [kanon]uitrusting kom uiteindelik per voertuigkonvooi hier aan. Belangrike items kort egter en ons maak planne om daarsonder te opereer. Ons vlugte vir 25 November word egter laat die aand gekanselleer sodat ons nog 'n dag vir voorbereiding het en die kans verhoog word dat die hele battery op 26 November sal inbeweeg.

Vanoggend moes ons ontdek dat 'n Bedford 1╪1 [kanon]trekker te hoog is om in 'n C130- of C160 [vliegtuig) te gaan; sny dakke af met sweisvlam. L[ouis] R[heeder]-hulle word op kort kennisgewing aangesê om per pad te beweeg; begin in aller yl voor te berei. Hy word 'n troepbevelvoerder onder [maj] Willys [Blaauw] se bevel. Vra my laat aand om poste te ruil aangesien hy skynbaar saam met kmdt W [Kotzé] (bevelvoerder X-Ray) wil gaan [Ek] stel belang om by medium [battery] uit te kom, maar eie reëlings by [maj] Tinus [Brown] te ver gevorder om nou om te ruil.

*Dinsdag 25 November 1975:* Algemene voorbereiding. Na herhaalde vals alarms om elemente van my troep gereed te hê vir vlieg, beweeg 2 lt [Andre] Brand, I troep K[anon] P[os] O[ffisier] met sy verkenningsvoertuig, 1 × S[nel]V[uur] 88 mm, 1 × ammunisie Bedford en 'n waterkar met 20 personeel na vliegveld teen laaste lig om daar te slaap vir beweging teen eerste lig moreoggend. [Die] regimentshoofkwartier [kmdt] Joffel [van der Westhuizen], [RSM] Venter en Homan + [maj] Willys [Blaauw] se medium battery met [kapts] J.L[ouis] R[heeder] en Pottie Potgieter se troepbevelvoerders beweeg per pad as deel van groter konvooi om ± 2200.[24]

*Woensdag 26 November 1975:* Algemene voorbereiding. Eerste deel van my troep vertrek per vliegtuig: 2 lt Brand [en] 2 lt Du Preez met 2 × S[nel]V[uur] 88 mm, 1 × 1╪1 [kanon]trekker, K[anon] P[os] O[ffisier] verkenningsvoertuig en 1 × ammunisie Bedford. Berei res van troep en deel van res van battery voor vir beweging more

18. Simbool 1╪1 word in die teks gebruik om militêre simbool vir kanon aan te dui.
19. Kapt J.L. Rheeder.
20. Kapt Louis Rheeder.
21. Slegs personeel.
22. Kapt C.W. (Chris) Bouwer was reeds ontplooi by Taakmag Zulu nadat hy op 12 November op Lobito by die mag aangesluit het.
23. Maj J.C.D.F. Bosch was in die stadium reeds betrokke in 3 Militêre Gebied.
24. Kmdt C.P. van der Westhuizen was in bevel van die mag wat per pad deur Ovambo na Sà da Bandeira (nou Lubango), Silva Porto (nou Bié) en Cela beweeg het.

Ontvang nuus dat [kmdt] Joffel-hulle se konvooi duskant grens staan met 20 gebarste MAN [-vragmotor] bande – ± 18 ton ammunisie per MAN (19 tonner) gelaai!

## Angola – Oosfront toe

*Donderdag 27 November 1975:* Vlieg op 1045 per C160 saam met 25 troepe en 2 x 1+1 [kanonne] na Silva Porto. Arriveer 1245. Met instap waai my hoed af en word opgetel deur 'n Unita swarte – eerste kennismaking. Unita bewaak [die] vliegveld. Geboue beskilder met [woorde soos] Unita, Savimbi ens. Beweeg per Unimog na 'n klooster ± 6 km wes van dorp. Pragtige land. Res van troepe onder sipresbome by klooster; so ook [die] res van [die] mag. Tuine vol vrugte en groente – troepe eet! Klooster met meeste van inhoud net so gelos. Pragtige kiaathout balke ens. Verneem dat ons môre per pad beweeg om brug oos van General Machado te beveilig – Oosfront verkrummel vinnig – vyand reeds by Cangumbe ([met] ± 1 600 infanteriste, 5 pantserkarre, 1 x 122 mm lanseerder?[25]). Ontmoet president Savimbi – aan hom voorgestel deur kmdt Kotzé[26] as "my artillery Cmdr". Sleutelpersone kry elk 'n Amerikaanse dolk, myself 'n M1 [geweer] wat ek aan 'n troep sonder geweer leen. Doen visiertoetse en hersien hoekmeter dril. Slaap in 'n klaskamer.

*Vrydag 28 November 1975:* 0900. Vertrek per konvooi na General Machado; Artillerie troep, 9 x Pantserkarre ([onder lt] Tom Muller),[27] infanterie kompanie, genie element [en] dr met 'n ambulans. Arriveer General Machado ± 1200. Groot aantal Unita in strate [en] op stasie. Laat konvooi op trein. Wag vir toestemming om Cuanzarivier oor te steek. Troepe ruil hoede vir Portugese pette, kry Unita (kentekens) in hande [en] ruil selfs klere. Besoek Unita hoofkwartier in dorp saam met [kapt] Kaspaas van Rensburg (adjudant en konvooi/trein bevelvoerder). Geniet whiskey by huis van plaaslike bevelvoerder (['n] luitenant); skud hande met sy vrou [en] geniet aandete by hom. Loer [by] 'n paar winkeltjies in wat maar min op rakke het. Ontvang opdrag om nag op stasie deur te bring om teen eerste lig môre verder te beweeg.

*Saterdag 29 November 1975:* 0500. Vertrek per trein vanaf General Machado. Pragtig landskap – golwende grasvlaktes, digte bosse, geweldig baie moerasse, helder water, breë riviere wat baie verander. Waterval by Cuemba. Laai uitrusting af op Munhango – aanvanklik beplan vir Cangumbe, maar inligting dui daarop dat vyand laasgenoemde alreeds aanval of beset – [met] 5 pantserkarre en 1600? infanterie. Beweeg na plantasie net oos van dorp. Ontplooi troep daar. Reën – alles papnat. Stroom vlugtelinge begin verbykom; te voet, trein, vragmotors. Raak van veral dolke en bajonette ontslae aan eie troepe.

Herontplooi teen 1500 sowat 3 km verder oos met 2 troepe pantserkarre voor, 2 pelotons infanterie en artillerie ± 2 km vanaf pantserkarre. 1900. Ordergroep – môreoggend 0500 vertrek na Cangonga waar generaal van Unita sy hoofkwartier het. Het skynbaar 2 x vyandelike pantserkarre vernietig. Veg op vertragingstellings en lokvalle. Het egter geen vuursteun.

Ons voordekking: 2 troepe pantserkarre, peloton infanterie, pantserkar troepe, 81 mm mortiere, I Troep [artillerie] met [kapt] Fred Rindel[28] as bevelvoerder.

Hoofdekking: 2 troepe pantserkarre, 2 pelotons infanterie, bevelvoerder, troep artillerie (J), genie seksie, + dokter en ambulans. Roelofse[29] in bevel. Troep pantserkarre vergesel echelon.

## Eerste kontak

*Sondag 30 November 1975:* Beweeg uit plantasie by Munhango na Cangonga waar Unita-generaal sy hoofkwartier het. Ontplooi net wes van dorp. Situasie oos van dorp nie duidelik – generaal weet byvoorbeeld nie wat van sy vertragingstelling tussen Cangumbe en Cangonga geword het. Beweeg vorentoe saam met drie troepe pantserkarre wat oos van dorp 'n observasielyn inneem. Probeer artillerie troep kry om 'n skoot binne gesigsveld te kry. Skiet eerste brisant skoot (eerste skoot van oostelike veldtog) 1055. Skiet nog 'n brisant en 'n skoot rook – kommandant wil nie nog toelaat – verrassing.[30] Weet dus nog nie of battery saamskiet.[31]

25. Die Katyusha Russies-vervaardigde 122 mm vuurpyllanseerder was in 1975 'n redelik onbekende wapen onder lede van die SA Weermag. Tydens Operasie Savannah is enkelloop lanseerders sowel as 'n multilanseerder (40-buis) gebuit.
26. Kmdt S.W.J. (Willie) Kotzé was 2/IB van Taakmag Zulu wat vanaf Namibië padlangs na Sentraal-Angola opgeruk het. Toe Veggroep X-Ray saamgestel is, is hy as die eerste bevelvoerder van die mag aangewys.
27. Lt Tom Muller was 'n pantserkartroepbevelvoerder tydens Operasie Savannah.
28. Kapt Fred Rindel, pantser offisier.
29. Kapt P.J. Roelofse van 2 SA Infanterie Bataljon.
30. Kmdt Kotzé wou Veggroep X-Ray se aanwesigheid aan die front geheim hou om die vyand te verras en die situasie dan maksimaal uit te buit.
31. Die battery was in die voorafgaande paar maande in 'n teen-insurgensierol by die Luianarivier in Suidoos-Angloa ontplooi. Die personeel se artillerie vaardigheid was dus 'n onbekende faktor.

[Die] res van dag [is] warm en vervelig. Ons wag en hou front dop. ± 1600: 2 rookseine in bosse in verte. 1630: Vyandelike pantserkar verskyn en infanterie swerm oor front. Geveg begin met kleingeweervuur en ['n] Unita 106 mm [terugslaglose kanon se][32] skoot op [vyandelike] pantserkar. Eie pantserkarre val in. Na ± 4 skote word pantserkar[33] uitgeskiet. Probleme om artillerievuur te beheer – swak kommunikasie. Ore toegeslaan deur skote om ons. [Ek hardloop] koes-koes tussen pantserkarre en bosse deur. Lê self saam met mortiervuurleier en sy seiner in met R1 [geweer] op vyand op linkerflank. Sukkel om vuur te identifiseer tussen ander. Skiet n[abyheids]b[uis]. Bring 'n 1∓1 [kanon] vorentoe vir direkte vuur. Chaos heers en almal skiet. Beland in terugslag van 106 mm [kanon] bdr Terblans, my seiner, dog hy's gewond [toe] (opslagklippe) [hom tref]. 'n Lugbars [brisantskoot se] skerfie val op sy kop. Gerug ontstaan dat vyand ons vanaf linkerflank in riviervallei omvleuel. Trek 1∓1 [kanon] terug. Skietery hou aan tot na donker. Geen verliese (wit). Dokter verpleeg Unita [se] verliese. Trek hele mag terug na Simoge. Slaap daar.

*Maandag 1 Desember 1975:* 0403: Vertrek in voordekking vanaf Simoge na Cangonga. Laasgenoemde in beheer van Unita. Ry verder oos tot ± 4 km oos van dorp. Rante weergalm van skote – [Is dit] Unita[-soldate] wat [die] vyand verder uitdryf? Aanskou slagting van [die] vorige middag [die] wêreld vol lyke, ammunisie, ammunisiekaste en houers, klere, persoonlike besittings asook 4 × groot trokke (Mercedes, Hanomag ens). [Daar staan ook] 'n Peugeot bakkie wat deur vuur beskadig is of nie deur drywers onder vuur weggekry kon word [nie]. Gaan soek water in dorp. Tref daar 'n L[and] R[over] "pantserkar" aan onder herstel – van MPLA afgeneem.[34] Besigtig massa wapens en ammunisie in Unita [se] stoor. Ook 'n TKA [tenkafweer] wapen op wiele afgeneem. Bad vir eerste keer in rivier sedert vertrek uit Grootfontein.

Beweeg weer vorentoe waar berig ontvang word van vyand [wat] deur bosse naderkom vanuit suidooste. Skiet 2 brisantskote in vallei. Blyk later dat dit Unita was![35] Res van dag sonder voorval. Na donker weergalm [die] wêreld soos Unita skiet – blykbaar [was dit] hulle metode om hul basis (eerste paar km oos van dorp wat hulle moes beveilig) vir nag te beveilig. Skietery hou skielik op. Slaap by troep wat net oos van dorp ontplooi het.

*Dinsdag 2 Desember 1975:* ± 1000: vertrek vanaf Cangonga as deel van hoofdekking terwyl my troep in aksie bly met [kapt] Carel [Theron] as die OPO [observasieposoffisier en dus ook] (artillerie bevelvoerder in voordekking), terwyl sy troep in voordekking beweeg. Hy skiet 18 [skote] doelvuur met my troepe as demonstrasie vir Unita. Kmdt [Kotzé] se drywer of seiner se SMG [hand masjien karabyn] gaan per ongeluk af – 12 skote deur [die] dak [van sy voertuig]. Het tot gevolg dat Unita troepe voor [skrik, wild] begin skiet en 2 van hulself afskryf. Ons beweeg vorentoe teen slakkegang met Unita wat lei. [Beweeg] deur digte bos. Gaan by verskeie voertuie verby wat òf deur [die] MPLA agtergelaat is, òf tydens Unita se vorige terugtog agtergelaat is. Meeste van hulle vernietig. Ons stroop 'n L[and] R[over] wat op sy dak lê van 2 wiele en gereedskap. Bereik Sichangastasie vanwaar 'n rookkolom verder oos (Cangumbe ?) sigbaar is. Eie infanterie, pantserkarre en Unita beveilig hoë grond net oos van Sichanga. Bring nag daar deur.

## Mynvelde

*Woensdag 3 Desember 1975:* Voordekking begin beweeg vanaf Sichange ± 0800. Kort daarna beweeg I Troep om J te versterk met vuur om Cangumbe. [Kapt] Carel T[heron] vuur ± 15 skote op dorp – geen teken van vyand [nie]. Unitas beweeg deur [die] dorp sonder om 'n skoot te vuur. Gerugte van myne [wat] deur Unita in [die] dorp geplant [is] – eie genie vee paaie. Ons beweeg deur dorp met my troep (wat toe nooit gevuur het nie) in voordekking. Stel [artillerie] buite [die] dorp op [die] hoofpad na Luso op. Beweeg skaars toe [die] vyand, wat streep-streep op [die] pad teen oorkantste bult uit beweeg, sigbaar raak. Kry troep in aksie, maar as gevolg van swak sig en reën kan ek nie vuur waarneem [nie]. [Ek] beweeg vorentoe op 'n Eland 60.[36] [Die Eland] 90's bestook [die]

32. Die 106 mm terugslaglose kanonne is deur die CIA aan Unita voorsien.
33. Dit was 'n Humber.
34. Kol Laubsher onthou dat hy by die gebuite pantserkar gestaan het. Sommige offisiere het na Operasie Savannah gemeen dat dit moontlik 'n Ferret pantserkar was, maar kol Laubscher kan bevestig dat dit wel 'n Britse vervaardigde Humber was, want hy het by hom gestaan en die naamplaat gelees. – Sien J.F. du T. Spies, *Angola. Operasie Savannah 1975–1976*, p 223; Sophia du Preez, *Avontuur in Angola. Die verhaal van Suid-Afrika se soldate in Angloa 1975–1976*, p 190.
35. Omdat die MPLA- en Unita-soldate nie eenvormige uniforms gedra het nie, was dit altyd baie moeilik om te bepaal wie vriend en wie vyand was. Albei die organisasies het hulle soldate met uniforms van onder andere Portugese-oorsprong uitgereik.
36. Die Eland 60 pantserkarre se hoofwapen was 'n 60 mm mortier terwyl die Eland 90 'n 90 mm kanon gedra het. Hierdie Krygkorvervaardigde pantservoertuie is in die jare na Operasie Savannah stelselmatig vervang met die Ratel gevegsvoertuig.

vyand op [die] pad, maar skootafstand hopeloos te kort.[37]

Ons beweeg vorentoe en soos in Cangumbe is daar geen vyand in Cachipoque [nie]. Ek registreer 'n draai in die pad oos van die dorpie en na 'n skoot rook [wat] links van pad [val] jaag die eerste brisantskoot (ook links van pad) [die] vyand (± 5 [verder] uit bos uit op [die] pad. [Ons] vuur nog 'n brisantskoot op agterhelling van draai en registreer as teiken.

Verneem van 'n Unimog met 15 infanterie personeel [van ons] wat in Cangumbe oor myn is. Almal [is] beseer [en] deur ['n] vliegtuig afgevoer.[38] (Op pad vanaf Cangumbe na Cachipoque ry 'n Unita majoor en sy senior saam met my – [ons] skakel tussen hulle troepe en ons om te verseker dat ons nie op hul troepe vuur [nie]) – [Hulle] wys kort-kort vir my waar hul myne op pad geplant het tydens hul vorige terugtog. Ons bly in [die] middel van [die] pad en bly in voertuie voor ons se spore. Trek na laaste lig terug en slaap by [my] troep [wat] oos van Cangumbe ontplooi [is]. Genie lig 7 myne in dorp.

*Donderdag 4 Desember 1975:* In teenstelling met vorige dae (slegs reën in namiddag) reën dit heeldag. 'n Uiters vervelige dag, want ons bly in gister se stellings. Ek en die 3 diensplig off[isie]re help onsself aan gereedskap op 'n M[ercedes] Benz[39] trok wat van pad af geloop het nadat sy drywer geskiet is. Troepe was in die reën. Malcolm en Daan Nel[40] arriveer hier as plaasvervanger[s] (Komp[anie bev[elvoerder] en tweede in bevel) vir [kapt] Roelie [Roelofse] wat in mynvoorval beseer is. Kan nie gerug omtrent [maj] J.C.D.F. B[osch] en [staf-sers] Sampie Claassen[41] bevestig. Ons nuwe bevelvoerder, kmdt [J.P.M.] Möller arriveer ook. Ontvang vir tweede keer koeldrank, sigarette, bier en Dubbin.[42]

37. Die Eland 90 se maksimum skootafstand was 2 000 meter.
38. Hier het 'n goedbedoelde plan geboemerang. Kmdt Kotzé het toe hy nog op Silva Porto was op versoek van Savimbi gereël dat Unita van myne voorsien word en ook toegesien dat hulle opleiding ontvang in die gebruik daarvan. Op sy navraag het lede van Unita die geplante myne in Cungumbe aan sy genie-offisiere uitgewys en is dit gelig. Hulle het skynbaar egter vergeet van die myne wat hulle op pad na die vliegveld geplant het en waar die infanterie bevelvoerder, kapt P.J. (Roelie) Roelofse, met 'n aantal Suid-Afrikaners later 'n myn gedetoneer het. Volgens kapt Roelofse en ander bronne is sewe gewond, maar gelukkig niemand ernstig nie. Lt Flip de Wit het die ernstigste beserings (brandwonde) opgedoen. Van die ander beseerdes was tweede-lte "Hasie" Dames en Barry van Rensburg en kpls Gericke (inligting) en Scheepers (peloton sersant). Die naam van die sewende beseerde kon nie opgespoor word nie. Behalwe kapt Roelofse is almal na Rundu en van daaraf na 1 Militêre Hospitaal in Pretoria afgevoer.
39. Dit was 'n MPLA voertuig.
40. Kapts Malcolm Kinghorn en Daan (D.M.) Nel.
41. Daar is gesê dat maj Bosch en staf-sers Claassen dood is, wat nie waar was nie.
42. Die Dubbin is gebruik om stewels mee te versorg.



**_Kapt Jan Griesel by die voertuig waarmee kapt Roelie Roelofse en sy personeel 'n landmyn gedetoneer het. Almal is lig beseer._**

## Kontak op 'n draai

*Vrydag 5 Desember 1975:* Mars verder aan met J Troep in voordekking. Voorste pantserkarre loop net wes van Chicala vas in 'n vragmotor vol MPLA, maar voorste kar [Eland(90) is] af van pad wat hoog opgebou is [en derhalwe] nie in staat om te vuur [nie][43] – wat 'n geleentheid! Die vyand spring af en word onder skoot geneem deur Eland 60, waarop Cala[44] vyand met masjiengewere en mortiere [aanval]. Dien [vyand] verliese toe. Cala-hulle kom onder akkurate mortiervuur op 'n draai in die pad en hy en Frans Rocher[45] spring van Eland 60 af. My troep ontplooi toe en ons ontmoet Cala-hulle in 'n donga langs [die] pad. Ek en my manne beweeg aan noordekant van pad te voet deur bosse om obs[ervasie] op vyand of Chicala te probeer kry.

Vir die eerste keer hoor ek hoe klink koeëls wat verby jou trek. Ons skiet etlike rook- en brisantskote, maar slaag nie daarin om hulle te identifiseer vanweë bosse totdat 1 SDV [skoot doelvuur] sowat 500 m noord van ons opkom. Vuur daarna oos van dorp? [na waar ons vermoed dat die dorp geleë is] en beweeg verder vorentoe. Kom uiteindelik noord van dorp deur bosse. Cala en ander pantserkarre reeds daar. KK [kleingeweer]vuur weergalm wêreld vol en vyand word uit dorp geforseer. Ons beweeg tot by eerste hutte toe Cala 3 skote brisant sowat 100 m van ons af plant – eintlik bedoel vir pad oos van dorp. Laat weet hom [dat hy op ons skiet]. Ons beweeg weer na pad en volg mag in pad af om 'n v[erdedigings]v[uur] op draai in pad [46] te registreer.

Trek terug na laaste lig. Hou nabetragting by hoofkwartier. Artillerie probleem weer genoem – probleme met observasie in gelyk terrein vol bosse en probleem om vanuit hoofdekking (waar ek beweeg het vorentoe te kom) – ons het ± 5 kilometer te voet afgelê wat tydrowend was en geen grap tussen K[leingeweer]-K[welvuur] deur is nie. Vyandelike verliese onbekend, egter nie veel nie, maar wel 2 voertuie. Kmdt Möller neem oor as bevelvoerder. 'n Berig is gedurende dag onderskep vanaf MPLA in Luso[47] na Luanda [wat lui]: geen pantserkarre, vyand het baie, min voertuie en onderdele, het een verkenningsvliegtuig [wat na geveg deur dorp oor ons elemente gevlieg het]. Kommentaar deur eie inligtingpersoneel: toestand gunstig vir aanval op Luso.

Vyand het vandag ook rooioog[48] vir eerste keer gebruik – 2 skote gevuur wat oor ons getrek het en in bosse ontplof het. Ek identifiseer ook een [van die] vyand se wapens as die B-10 terugslaglose 1ǂ1 [kanon] (82 mm) waarvan ammunisiehouers orals te vinde is en stuur verslag aan inligtingsoffisier. Vyand slaag weer eens daarin om met sy sw[aarder] uitrusting weg te kom. Teen laaste lig beset ons manne 'n lyn ± 7 kilometer oos van Chicala. Slaap op 1ǂ1 [kanon]stelling. Op pad na Chicala 3 myne gelig.

*Saterdag 6 Desember 1975:* Beplan om aanmars so spoedig moontlik voort te sit. Ek grawe my in 'n Eland 60 in en ons wag vir die Unita manne om tot beweging te kom, net oos van Chicala, tot ± 1330. Hul lei aanmars te voet – bang vir hinderlae. Op 'n stadium sluit 'n skrop wat 'n roller stoot by ons aan as mynveër. Ek vuur 'n paar skote aan weerskante van die pad [in die] omgewing [van] Luena en registreer pad vorentoe – in die proses bars 'n brisantgranaat net voor voorste Unita manne en 'n skerf kerf een se kop effens oop. Verneem van beplanning vir Sondag 7 Desember: 2 pelotonne infanterie patrollie wat 1ǂ1 [kanon)-stelling saam met artilleriepersoneel heimlik moet verken, noord van [die] pad na Luso, ± 7 kilometer vanaf Luso. Stel [lt] André Brand en tweede lt Du Preez[49] aan om patrollie te vergesel. J Troep heeldag in hoofdekking.

## Teenspoed vir Dallow

*Sondag 7 Desember 1975:* I Troep ontplooi ± 15 km oos van Chicala met doel om pelotonne wat noord en suid van hoofpad inbeweeg te ondersteun indien nodig. Unita aanvanklik nie te vinde vir patrollie-idee – hulle wil aanbeweeg na Luso. Beweeg vorentoe en sluit by voordekking (bevelsgroep) aan. Etlike voertuie ry oor 2 myne (self) [waarskynlik ook], wat te diep geplant is om af te gaan. Ek [en] genie offisier [doen] inspeksie en ondersoek die ontstekermeganismes om te bepaal of 'n man se gewig genoeg is om hul te aktiveer. Wil so voorkom.

Patrollie suid van pad rapporteer vyand wat hinderlaag lê. Ons bestook deur middel van korrek-

43. Die 90 mm kanonloop het spasie nodig om te kan draai/die pad was hoër as wat die kanon op maksimum elevasie gestel kon vuur.
44. Noemnaam van kapt Karel Theron.
45. Lt F.A. (Frans) Rocher, lid van kapt Carel Theron se battery.
46. Dit is die draai in die pad oos van die dorp.
47. Luso is tans bekend as Moxico.
48. Die Russies-vervaardigde 122 mm Katyusha vuurpyl is deur die Suid-Afrikaners tydens Operasie Savannah die "rooioog" genoem.
49. "I" en "J" Troepe se kanonposoffisiere.

sies vanaf die patrollie en resultaat is voertuigbeweging in diepte wat vermoede laat bestaan dat vyand teruggetrek het. Patrollie bly in posisie om waar te neem. Rapporteer later dat vyand nader beweeg het – sowat 150 m van hul af. Patrollie trek terug en ons bestook met brisant N[abyheids-] B[uis]. ['n] Rukkie later blyk dit dat vyand ons geallieerdes was wat sonder opdrag daar vir vyand 'n hinderlaag gelê het!

Ek ontvang 'n lugfoto van Luso, trek 1 000 m x 1 000 m blokke in en beplan lugobservasie-best[okings] met vliegveld ([basis vir] vyand se verkenningsvliegtuig) prioriteit 1, goewerneur se huis waar vyand se bevelvoerder bly en met 122 mm missiellanseerder by hom as prioritieit 2. Patrollie suid van pad keer terug en 'n troep trap in die bos op 'n teen-personeel myn. Verloor sy voet en enkel. Beweeg saam met pantserkarre vorentoe om sy afvoer te dek. 'n Cessna land in [die] pad en voer hom af.[50] Woon ordergroep by en vorm [die] troep [se] voertuie op vir beweging vorentoe om middernag.

## Luso in sig

*Maandag 8 Desember 1975:* Begin om 2400 07/08 Desember met konvooiligte vorentoe beweeg. Unita kompanie met maj Vittorio as skakeloffisier sluit met 2 trokke by ons aan. Hulle beweeg links op pad terwyl ons Unimogs van pad af beweeg. Beweeg ontsettend stadig deur lang gras en bosse langs pad. Kan later Luso se ligte sien en nog geen teken van gids wat ons moet ontmoet waar ons moet afdraai na 1∓1 [kanon]-stellings nie. Beveel alle ligte af. Ek en 'n [kanon]bediening[51] beweeg te voet vorentoe, skyn flits kort-kort. Ontmoet infanterieseksie gelukkig sowat 500 m vorentoe. [Ons beweeg] met ['n] groot gesukkel deur lang, nat varings en bosse; is alle voertuie teen 0330 op stelling. Slaap net so nat tot 0500.

Beweeg terug om Cessna by hoofkwartier om 0600 te ontmoet. Weer eens 'n gesukkel om L[and] R[over] aan [die] gang te kry. Tiffie [werktuigkundige] sleep ons al die pad. Cessna laat, maar Puma (Aeromed afvoer)[52] arriveer. Vlieg saam vorentoe tot by ambulanspos waar 4 swartes ['n] rukkie later aankom – myn afgetrap op dieselfde plek waar infanterie troep gistermiddag beseer is. In [die] oggend loop pantserkar ook oor 'n teen-personeelmyn, maar geen skade.

Cessna laat as gevolg van swak weer. Beplan om met pantserkar vorentoe te beweeg toe tyding van Cessna ontvang word. Styg op saam met Harry van Gent[53] en mortier[seksie] se korporaal.[54] Sukkel om 1∓1 [kanon]stelling op te spoor.[55] Probeer Luso bestook, maar kan nie skote waarneem [nie], nie eers skote doelvuur met rook nie. Kom later agter dat 1∓1 (kanonne] verder terug ontplooi is as wat gemeen is. Petrol egter op toe eerste skote waargeneem word. Dorp vertoon leweloos.

[Ons land] skiet kat en [vlieënier] hervul. Styg weer op – registreer vliegveld, 'n pad hinderlaag, 'n bloekombos in dorp en bestook geboue. Keer [daarna] terug en meld by bevelvoerder aan. Paniek ontstaan by Unita troepe toe [die] pantserkarre [wat] voor [ontplooi is] terugtrek en MPLA nader beweeg. Vuur ['n] paar skote. Styg weer op. Kan niks sien of skote waarneem nie, maar probeer barakke suid van dorp bestook. [Bestoking] het volgens voorste troepe op grond gunstige uitwerking. Keer terug. Slaap by tiffies[56] by hoofkwartier waar L[and] R[over) nog steeds stukkend staan.

*Dinsdag 9 Desember 1975:* Beweeg 0500 vorentoe in Eland 60 [pantserkar]. Sluit aan by mag wat in noord-noordwestelike en dan wes[waarts] deur bosse vanaf Luena moet beweeg om Luso vanuit noorde vanaf vliegveld aan te val. Beweeg eers 1000 vanaf groot pad – U[nita se] offisiere nie te vinde vir hierdie plan. ([Die] ander mag val dorp uit suidooste aan). [Hulle] stem later in.

Geel monster[57] heel voor. Raak onklaar. Ons (9 pantserkarre) beweeg alleen vorentoe. Ontmoet voorste U[nita] manne wat al teruggeval het – dink ons kom nie meer [nie]. Hulle stel in uitgespreide linie in [die] bos op – een trap 'n teenpersoneelmyn af – [sy] been morsaf... Kpl Thomson, spanleier van [die] E[land] 60, gee gewonde water en ['n] inspuiting teen pyn. U[nita] manne kom uit bos uit en nader vliegveld in pad af in enkelgelid. Skietery ontstaan dus-

50. Sktr Brian Dallow is met die Cessna afgevoer wat by Veggroep X-Ray geland het die dag vir 'n skakelbesoek. Hy is na Silva Porto waar 'n Dakota gewag het om hom onmiddellik na Rundu af te voer. Weens ernstige bloeding het die dokter aan boord reeds op die Dakota begin met amputasie, welke operasie op Rundu voltooi is.
51. Volgens kol Laubscher was net vier man saam met hom.
52. Aeromed staan vir Aeromediese afvoer (lugafvoer) van verliese.
53. Tweede/lt Harry van Gent.
54. Laasgenoemde verantwoordelik vir die rig van mortiervuur.
55. Die enigste beskikbare kaart was 'n 1/1 000 000 Shell padkaart.
56. Tegnikus wat onder andere aan Land Rover van kapt Laubscher gewerk het.
57. Dit is die padroller wat as mynveër aangewend is.

kant vliegveld. Moeilik om te glo dat daar ooit vyand was. [Ek het] geen kommunikasie met 1╪1 [kanonn]e [nie] B[evelvoerder] beheer vuur uit lug. U[nita] manne verseg om vorentoe te gaan. Pantserkarre beweeg ook nie. Eersgenoemde se ammunisie [was] vroeg klaar. [Om] 1700 trek pantserkarre terug – U[nita] stroom agterna.

[Ek] woon bevelvoerder se nabetraging by en doen aan die hand dat [die] pantserkarre meer aggressief aangewend moet word. [Ek het] probleme met [my] nuwe L[and] R[over][58] se vergasser – sit op pad [gestrand] tot 2400. Slaap by echelon. Kyk toe hoe dokters U[nita se] gewondes behandel, onder andere [hoe] die bogenoemde [ongeval] se been afgesit [word]. Ontsettende klomp mynslagoffers, veral vanaf regterflank. Verneem by Cessna vlieënier dat [die] artillerie groot skade aangerig het, onder andere dat [die] rooioog [dit is die 122 mm missiellanseerder] bestook is in [die] plantasie wat gister deur ons bestook is. Laasgenoemde het glo een skoot op J Troep se stelling geplant.

## Luso verower

*Woensdag 10 Desember 1975:* Begin beweeg vanaf Luena na Luso 0700. Frontale aanvalsplan met 2 troepe pantserkarre wat net wes van [die] dorp links afdraai van die grootpad om deur bosse te beweeg om vliegveld op aanloopbaan te nader vanuit [die] weste. Beweging op grootpad tot by afdraai effektief gedek deur 1╪1 [kanonne wat] rook [vuur en wat] beheer is deur B[attery] B[evelvoerder] in Snoopy.[59] Beweging deur bosse [lewer] geen probleme [nie] behalwe dat voorste [pantser]kar net duskant [die] doelwit verdwaal. Help hulle reg deur middel van lugfoto. Ons slaag egter nie daarin om op aanloopbaan te kom [nie], maar betree vliegveld by eindpuntgeboue nadat K[leingeweer]-K[welvuur] getrek is.

Min vyand op vliegveld. Ons kry 'n sarsie of wat Browning vuur in op 'n paar. Ondervind die aanslag van koeëls teen pantserkarromp – onder andere [ook] op my geweer en die geweerband... Neem vliegveld sonder moeite – het darem 'n paar skote artillerievuur in [die] proses neergebring.

Ontplooi op vliegveld (aanloopbaan) en bestook en registreer kanonteikens rondom baan. Ry later na [die] gebouekompleks om skade ens te bekyk. Kom 'n [man] met 'n Portugese jaggeweer teen wat 'n skynbaar gewonde probeer help. Vra of hy ['n] MPLA-lid is – [hy] sê ja. [Ek] gryp my geweer, maar teen [die] tyd wat ek aanlê, is hy al ± 75 m weg. Trek skoot af – niks gebeur [nie] stelknip haak vas in holte wat ['n] koeël in [die] romp geslaan het. Kry egter ['n] paar skote in op [die] man en sit hom agterna met pantserkar maar hy kom weg. Ry terug. [Die] gewonde kruip weg in gras. Wou hom eers skiet – [hy was] sowat 20 m vanaf [die] voertuig, maar voel dis moord – hy is ± 12 jaar oud en dra buitendien nie 'n wapen [nie][60]

± 1600 kry ons opdrag om in dorp in te beweeg. Eerste Unita [soldate] kom op [die] vliegveld aan. Kyk hoe een 'n loods se deur wil oopmaak toe verneukmyn bo in [die] dak afgaan. [Die] klomp spaander in alle rigtings. Beweeg weg. Begin reën. Beland naby [die] vliegveldgeboue [waar] 'n klomp Unita [is] wat sommer wild en wakker na niks skiet.

Beweeg saam met 3 × [Eland] 90 pantserkarre terug na vliegveld. Vyand loods in reën 'n aanval op ons. Kan nie kommunikasie kry met 1╪1 [kanonstelling nie]. [Die] Browning [masjiengeweer] haak vas. Kry mortier gereed vir direkte vuur terwyl spanleier met [die] masjiengeweer stoei. [My] eie radio [se] antenna [is] 'n probleem – kan nie luik toe maak [nie]: reën in. [Ek] haal antenna af, vou hom op en maak luik toe – om mortierladings in [die] kar droog te hou. Vyand kom [weer] en [ek] probeer [die] antenna weer inmekaar sit. Helse gesukkel in beperkte ruimte in [die pantser]kar.

'n Gevaarte verskyn uit [die omliggende] bos. [Dit] lyk na 'n tenk [en ons] trek los met Browning [masjiengeweer] op hom. [Ons] kan nie verstaan hoekom skiet [die Eland] 90's nie. Gevaarte [is later] ± 100 m weg van ons met flank na ons – [toe] lanseer [hy] sy missiele. [Ek gewaar die] blou rookwolke [en] dink dis ['n] rooi-oog. [Die Eland] 90's kom hom by – seker 5 skote, maar [die] gevaarte stop nie. [Ek] dink dit het fantastiese pantserplaat[beskerming]. Stop uiteindelik. Tegelyk kom [daar] nog een, maar kleiner. Ons drywer [word] beveel om aan [die] gang te bly. Kry 3 skote doelvuur in op 'n plantasie waarheen vyand terugval. Vyand skiet episkoop voor my oë stukkend. [Ons] inspekteer [die] gevaartes –

58. Die Land Rover is gegee ter vervanging van die ondiensbare voertuig.
59. Kodenaam vir die ligte verkenningsvliegtuig.
60. Kapt Laubsher kon nie dadelik in die lang gras sien dat die verstekeling gewond, ongewapen en 'n kind was nie. Gelukkig het hy kop gehou en nie in die drif van die oomblik opgetree nie.

[die] grote, 'n rooi kruiptrekker met stootlem en al, toegebou met plaat en groen met kamoefleer-[verf] geverf. Dooies [daar is] 'n aaklike gesig. [Die] Browning het aanvanklik goeie werk gedoen – deur plaat [gedring]. Seker net [die] masjien wat dit laat verder loop het. [Dit] dra 'n masjiengeweer en 82 mm skopvrye 1‡1 [kanon]. Kleiner een [is] 'n L[and] R[over] met selfde wapen op – onbeskadig [gebuit] – masjien loop nog, [maar] drywer [is] weg. Vol Portugese rantsoenpakke, nuwe klere ens. Unita [soldate] begin stroop en [ek] kry self 'n rantsoenpak.

Hang by [die] eindpuntgeboue rond tot laaste lig toe die artillerie daar aankom. Slaap in pantserkarlaer op aanloopbaan. Verneem dat [die] ander deel van [die] mag MPLA hoofkwartier in dorp met 8 pantserkarre bestook ... rooioog vernietig ... en MPLA [se] leiersgroep krygsgevange geneem het. Unita skiet dwarsdeur nag, veral ligspoor – seker vir hul mooi.

*Donderdag 11 Desember 1975:* Staan 0430 op om rondomverdedigingstellings om vliegveld in te neem teen 0500. Dag breek aan – vyand skynbaar uit dorp. Beweeg na eindpuntgeboue waar ons op res van [die] mag wag. Verwonder ons aan [die] verwoesting en chaos en vuil, slordige toestand van geboue waarin MPLA [die] afgelope tyd geleef het. Tipies K. – ... [ontlas] op vloere, maak vuur op vloere, rommel orals. Dit stink vis, meel, rook en olyfolie.

Burgerlikes wat in bosse weggekruip het kom uit. Versamel op vliegveld. Juigkrete elke keer wanneer 'n klomp daar aankom. Selfs wit Portugese kom te voorskyn. Res van [die] mag daag op.

U[nita] bring ['n] Mwana-Caxito[61] wat flenters geskiet is daar aan – [die] pantserkarre beweer dis hulle werk, maar roesmerke op [die] wapen waar [die] metaal oopgeskeur is bewys dat dit ['n] paar dae gelede ([moontlik] artillerie?) vernietig is.[62] [Die] genie offisier het 'n 191 en 'n 75 kg lugmagbom op een van sy trokke wat deur [die] vyand net wes van dorp in grond geplant is, voorberei om elektries afgevuur te word. My troep kom uit aksie; merk vir hulle 'n stelling op [die] vliegveld – tref 10 lyke daar aan, waarvan een nog leef... Gerug doen [die] rondte dat vyand weer dorp nader vanuit [die] suidooste. Kry 1‡1 [kanonne] op [die] sementblad in aksie. Wolhaarstorie. [Kapt] Carel [Theron] se troep arriveer ook. Ontplooi op ['n] ander deel van [die] vliegveld.

Na laaste lig vlieg 'n spuitvliegtuig sonder ligte oor ons – toe hy verby is, skakel hy ligte aan [en] vlieg in [die] rigting van Luanda. Snoopy se vlieënier reken hy doen lugverkenning (foto's). Slaap in vliegtuigloods op hospitaal opvoubare bedjie wat ons uit een van [die] geboue gehaal het. Eet veselperskes plaaslik gepluk. Ontvang kort briefie van Paul Lombard – tans op Silva Porto.


## Snoopy loop deur

*Vrydag 12 Desember 1975:* Reënerige oggend. Kanonbedienings en drywers doen onderhoud. Geskut en voertuie deur tiffies [werktuigkundiges] nagesien. Stap so teen 1200 deur dorp en gebiede [wat] deur artillerie bestook [is]. Nie veel te sien [nie] behalwe skade aan geboue. Kom op gewese MPLA hoofkwartier [af,] asook Savimbi wat sy mense vanaf 'n balkon toespreek. Groot toejuigings. In omgewing [van die] vliegveld stap ons op spore wat deur [die] "monster" gelaat is tydens [die] vyand se mislukte teen-aanval op ons op 10 Desember. Ons hoor skote. Nadergekom vind ons [die] "monster" is aan [die] brand gesteek en skote is ammunisie binne-in wat ontplof.

'n Dakota bring voorrade in, onder meer artillerie-ammunisie. Snoopy stryk neer, rapporteer 'n trein met ± 12 trokke wat vanaf Texeira De Souza beweeg en groot groepe mense wat hom op kleiner stasies inwag. Snoopy op 2 plekke met kleingeweervuur vanaf hierdie elemente getref.

Ontmoet kmdt Lombard wat op skakelvlug deurgekom het. Word aangesê om troepe uit aksie te kry. Beweeg saam met 2 troepe pantserkarre, 'n mortiergroep, genie en mediese elemente onder bevel van [kapt] Malcolm Kinghorn. [Ons is] Vegspan Barron. Ons [beweeg] saam met 'n Unita-bevelvoerder heel voor om bogenoemde bedreiging? [die] hoof te bied. Neem laer in omgewing [van] Camitenga op so 'n manier dat [die] spoor gedek word, onder andere deur 1‡1 [kanonne] wat op 75–200 m sal vuur. [Dit is] helder maanskyn en almal opgewonde en spekuleer oor hoe die trein gaan lyk as hierdie

61. Die Angolese het die 122 mm meervoudige Katyusha vuurpyl-lanseerder mwano-Caxito gedoop nadat hierdie wapen in September 1975 die eerste keer deur die MPLA gebruik is in 'n geveg om besit van die dorpie Caxito noordoos van Luanda. Dit beteken "man van Caxito". Dit is dieselfde wapen wat deur die Suid-Afrikaners "rooioog" gedoop is.
62. Vergelyk met die vroeëre aanwending van geskut voor die verowering van Luso soos hierbo beskryf.



**Kapt Laubscher se Eland 60 pantserkar na die aanval op die vliegveld.**



**Hierdie Brits-vervaardigde "Humber"-pantserkar het die MPLA se aanmars gelei tot by Cangonga, waar dit tydens die eerste kontak met die Veggroep X-Ray buite aksie gestel is.**

vol[ume] vuur hom gaan tref. Unita manne wat voor ontplooi [is, is] beveel om nie te skiet as [die] trein by hul verby beweeg nie sodat ons verrassing kan behaal.

*Saterdag 13 Desember 1975:* 0530. Begin beweeg. Bereik Leua sonder teenspoed. Ontplooi; reg[istreer] brûe oor [die] pad na Henrique de Carv[alho][63]asook spoorlyn na T[exeira] de Souza.

Beweeg na middagete uit om stil registrasie [van kanonne] deur middel van 'n skoot of wat te bevestig. Troepe gaan was in rivier. Plaaslike bevolking naby teikens maak reg[istrasie] met vuur onmoontlik. [Ek was] op die punt om ook te gaan bad toe ons aangesê word SSM [dit is onverwyld] na Luso terug te keer. Teen 1900 terug – woon laaste deel van bevelvoerder se ondergroep by. Bad uit 'n vuuremmer. Heerlik om weer skoon te wees; eerste bad sedert Maandag 1 Desember by Cangonga. Slaap in loods op vliegveld.

[Kapt] Carel T [heron] saam met Vegspan Carrot onder bevel [van kapt] Daan Nel na br[ug] 40 km noord van Luso op pad na H[enrique] de C[arvalho]. Verneem van en sien 'n Russiese bevelsvoertuig wat in dorp deur [die] vyand agtergelaat is. Dokters vertel van ['n] hospitaal wat ons glo flenters geskiet het, met 'n paar dooies wat hulle binne in aangetref het.[64]

*Sondag 14 Desember 1975:* Slaap laat. Koel en bewolk. Voorraad en ammunisie word ingevlieg. Ontvang goeie nuus dat ons manne in die weste [in die] omgewing [van] Cela deurgebreek het. Med[iumgeskut] het glo 400 skote geskiet. [Daar was] letterlik honderde dooies.[65]Vegspan Carrot ([kapt] Daan Nel) het vyand uit Buçaco verdryf. Maj Brown neem sowat 150 skote na [kapt] Calla [Theron]. Kan nie verstaan hoekom hy so baie skiet [nie]. [Daar is] ± 25 vyand dood. Geen verliese aan eie kant behalwe 4 Unita's [wat] gewond [is]. Geniet wyn saam met middagete op lt André Brand se verjaardag. Vang 'n middagslaap. In algemeen 'n lang vervelige dag.

*Maandag 15 Desember 1975:* Woon kampkommandant ([kapt] Malcolm [Kinghorn]) se ordergroep by om 0730. Neem [lt] André Brand en 2 troepe na dokter by hospitaal in [die] dorp. Snuffel daar rond ... kyk na skade wat 'n brisantprojektiel aan een van die geboue aangerig het. Snuffel by 'n houtwerkfabriek. Verkyk my aan die pragtige hout. Doen aan by bakkery. Ruil 7 broodjies vir 'n pakkie 20 sigarette. Word aangesê om gereed te wees om 1400 te beweeg om Vegspan Carrot ([kapt] Daan Nel) op pad na H[enrique] de C[arvalho] te gaan versterk. Het net klaar opgevorm toe berig deurkom dat vyand brug noord van Buçaco vernietig het. Res van dag vervelig. Slaap weer in vliegtuigloods. Het vandag eerste pos per Dakota ontvang – brief en verjaardagkaartjie vanaf Hettie, brief van Joan af.

## Vegspan Derrick

*Dinsdag 16 Desember 1975:* Word gewaarsku om gereed te wees om vanaf 0800 enige oomblik te kan beweeg. Verander toe weer na 1000. Woon kerkdiens in loods te Luso vliegveld by om 1100.[66]... 1400 vertrek saam met Vegspan Derrick ([maj] Fred Rindel) op teerpad na Gago Coutinho. Bereik 'n punt 30 km suid van Luso waar ons laertrek. My troepe hoor beweging, stemme en voertuie in bosse. Lei 'n patrollie in daardie rigting. Blyk ape of voëls te wees. Gaan slaap. Russiese bevelsvoertuig op vliegtuig teruggevlieg. Vroeg-oggend gaan soek ek en Harry van Gent[67]na 'n hoender in woonbuurt noord van [die] vliegveld. Geen sukses.

*Woensdag 17 Desember 1975:* 0600. Sit aanmars voort. Plantegroei begin verander – oop grasvlaktes so hier en daar. Hoë bome, renoster/olifant? mis op pad maar geen diere te sien. Duskant Lucusse [ontdek ons] 'n kaasmyn in [die] teerpad. Trek vuur in Lucusse. Na hewige bestoking van paar geboue in [die] dorp deur artillerie en E[land] 90 [pantserkarre] is [die] geveg verby. Vyand (maar min); hoofsaaklik 'n paar loopgrawe. Bestook ook 'n klomp sinkgeboue spekulatief – blyk later 'n *quartel* [68] te wees waar aansienlike hoeveelheid wapens en ammunisie van alle tipes deur vyand agtergelaat is. So ver ek kan sien 3 dooies. Beweeg vorentoe. Trek vuur net duskant Maria Amelia – asook [vanaf] 'n flank uit bosse. Bestook bosse met 1SDV ['n sarsie doelvuur]. Unita beweeg in. Gaan vorentoe en bestook [die] dorpie. Van die beste artilleriebestokings wat ek nog gesien het.

---

63. Sommige Suid-Afrikaners het die dorp kortweg Hendrik de Waal genoem. As gevolg van die MPLA se beleid om brûe te vernietig en die RSA se besluit om die brugboutoerusting in Angola te ontplooi nie, was Henrique de Carvalho en Texeira de Sousa nooit verower nie.
64. Van die ligging van die hospitaal was die veggroep nie bewus toe Luso aangeval is nie.
65. Verwysing waarskynlik na die slag van Brug 14 wat op 12 Desember 1975 verower is met ernstige lewensverlies vir die vyandelike soldate tot gevolg.
66. Padre Goodenough was die prediker.
67. Tweede-lt Herry van Gent was 'n Nasionale Diensplig-offisier.
68. Portugese woord vir militêre barakke.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 2, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

[Dit] raak ongelukkig vinnig donker. Unita beweeg oor brug in dorp in en beset dorp. [Ons] trek ± 2 km terug en slaap by [die] kanonne.

*Donderdag 18 Desember 1975:* Wag vir U[nita se] ammunisie-[aanvulling] om op te daag. Bring dag by *quartel* Maria Amelia deur. Swem en bad in rivier by brug. Beweeg so teen 1200 sowat 1 km terug en ontplooi in bosse duskant dorp. Gaan aan met onderhoud op voertuie, 1∓1 [kanonne] en persoonlike wapens. Slaap daar. [Die] eerste nag [wat ek] deur muskiete gepla [word]. Verneem van 4 tiffies[werktuigkundiges] in PMLA-hande in weste.[69] Ons kry 'n bees as geskenk. Slag hom en braai vleis.

*Vrydag 19 Desember 1975:* Beweeg vorentoe. Kom by 'n hout brug wat afgebrand is – sowat helfte van wydte. Smeul nog. Spring in en herbou hom met balke vanaf brug self en planke en ysterbalke vanuit 'n verlate padwerkerskamp net anderkant [die] rivier. Beweeg vorentoe. Trek vuur by Luvue. Kom in aksie en reg[istreer] 'n paar teikens. Vyand sonder verdere slag of stoot weg. In proses om vorentoe te beweeg val my E[land] 60 [pantserkar] duskant rivier vas in turf. Reddingspoging het tot gevolg dat nog 'n E[land] 90 en 2 Unimogs vasval. Na ± 3 uur se gesukkel is ons uit. Sowat 1 m[yl][70] van brug duskant dorp [is 'n brug] ook afgebrand. Twee krygsgevangenes geneem. Volgens hulle is 'n boodskapper [die] vorige aand terug [dit is suidwaarts] om almal te waarsku van die sterk mag wat aankom (na hul pak slae by Lucusse) en om alle hout brûe aan die brand te steek. Hul ontruim ook dorpies. Ons besluit om om te draai vanweë probleme verder suid met afgebrande brûe [en] om dan wes te gaan môre, na Cassamba waar [die] vyand skynbaar sò afgesonderd leef dat hulle vandag eers gehoor het van val van Luso!

*Saterdag 20 Desember 1975:* 0600. Beweeg na Cassamba. Net duskant dorp trek Unita perde-[71]wat toe al ontplooi het "vuur" vanaf 'n "hinderlaag?" 'n Ent vorentoe, toe ons op [die] dorp begin neerkyk, trek ons mortiervuur – vyand verander egter nie elevasie of plg [peiling] nie sodat elke skoot (wat sigbaar is wanneer dit gevuur word) voorspel kan word. Sukkel om artillerievuur op teiken te kry as gevolg van lynfoute. Slaag na 'n ruk daarin om *quartel*, dorp in algemeen en pad uit dorp te bestook. So ver [as wat ek] kon vasstel [is] geen vyand gedood [nie] – het weer vroegtydig gevlug. Het egter groot hoeveelhede wapens en ammunisie agtergelos. Kom vir eerste keer 12,7 mm ammunisie en 75 mm RCL [terugslaglose kanon]ammunisie in groot hoeveelhede teen, maar geen wapens. MPLA vlag het nog in dorp gewapper toe ons daar aankom. Hul kantoor met dokumente [is] net so agtergelaat. Onaangenaam om verskrikte kinders ± 7 jaar oud in dorp tussen vuur te sien rondhardloop – vrees op hul gesigte, herderloos, koersloos, onskuldig. Beweeg terug en afgesien van voertuigprobleme, reis voorspoedig. Terug op Luso ± 1800. Verneem 5 SAI Bataljon se hoofkwartier nou aan bewind. [Hulle] neem Maandag 22ste oor. Slaap weer op ou plek in loods.

*Sondag 21 Desember 1975:* Gaan bad in hospitaal. Was klere. Woon kerkparade by. Lang vervelige dag. Troepe kry 'n bal in die hande en na 1∓1 [kanon]onderhoud (na kerk) speel hul sokker. [Ek] maak ['n] kaart wat ek gister in vyandelike hoofkartier in Cassamba gekry het uitmekaar in kleiner makliker hanteerbare stukke.[72] Maak 'n art[illerie]liniaal van Perspex. Eet veselperskes. Een van my troepe ontmoet sy swaer (een van 5 SAI [se] troepe wat gister hier aangekom het) vir [die] eerste keer! [Dit is] kenmerkend van [die] kommunikasiegaping tussen RSA en ons. Skryf huistoe en gaan slaap – vliegveld Luso.

## X-Ray verder oos

*Maandag 22 Desember 1975:* Luso vliegveld. Doen opleiding om registrasie van pei[ling] en gebruik van parallelloskoopborde tydens snelaksie te probeer. Neem afskeid van kmdt Möller. Bring res van dag deur met balspele saam met troepe. Woon kmdt Joubert[73] se ordergroep by – formeel op skrif teen 'n handtekening; daarvoor gewaarsku. Verneem van [kapt] Cala-hulle se misleidingsbeweging en bestoking na brug by Buçaco.

Ontvang opdrag[74] om T[exeira] de Souza te beset nie later [nie] as 26 Desember. Beweeg mortiere in voordekking met Mike Botha as bevelvoerder. Verneem van 6 × T34 TKs [tenks] by Cocolo, op pad na Alta Chicapo [dit is wes van

69. Op 13 Desember 1975 is kpl J.G. Terblanche, monteur R. Wilson en weermanne R.H. Wiehahn en G. Danny van Taakmag Zulu op die Sentrale Front noord van Cela krygsgevange geneem toe hulle te ver vorentoe en in vyandelike gebied beweeg het.
70. 'n Myl is ± 1.6 km.
71. Verwysing na Unita-soldate.
72. Volgens kol Laubscher het hy hier vir die eerste keer in besit gekom van 'n militêre kaart wat enige operasionele nut gehad het.
73. Kmdt A.J.M. Joubert het by Kmdt J.P.M. Möller oorgeneem.
74. Die opdrag vanaf hoër-koofkwartier was dat die hele veggroep uitbeweeg.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 2, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za




**_Graffiti op mure, soos hierdie op die beskadigde beheertoring van die vliegveld by Luso, was 'n uitstaande kenmerk van die burgeroorlog._**



**_Die gat in die dak van hierdie vliegtuigloods op Luso se vliegveld is veroorsaak deur 'n verneukmyn wat 'n Unita-soldaat ontsteek het._**



**Kmdt C.P. (Joffel) van der Westhuizen, die regimentsbevelvoerder, spreek die battery se personeel op Grootfontein, waar hulle gemobiliseer het, toe.**



**Gebuite vyandelike Jeeps wat in die spore van die "Luso-monster" gevolg het om Veggroep X-Ray se vegspan op die vliegveld aan te val.**

Henrique de Carvalho] en van statiese toestand in weste as gevolg van brûe verniel. Verneem ook van MiG's[75] wat aanmekaargesit word in Luanda, wat einde Februarie in lug sal wees. Verneem ook dat S[taande] Mag lede bereid moet wees om 1 jaar hier te bly[76] – sal skynbaar Julie '76 besluit of ons na November '76 nog in Angola sal wees. Opmerklik hoe formeel nuwe bevelvoerder orders gee en hoe volledig sy hoofkwartier ingerig is. Word ook gewaarsku om staaldakke aan te vra.

*Dinsdag 23 Desember 1975:* 2 SAI manne word vanaf Luso uitgevlieg – groot vreugde in hul geledere.[77] Vertrek om 0900 in voordekking. Bereik brug duskant Lumeje (intussen deur "Engineers" [genie] herstel maar treinbrug nog stukkend) sonder teenstand. Bestook dorp en beweeg deur saam met pantserkarre. Geen teenstand. 2 dooies opgemerk. Opmerklik nuwe bevelvoerder (kmdt Joubert) beweeg vorentoe voor aanmars. Verneem van ... [personeel] wat terug is – weier glo om hier te veg en van [ander] wat terug is – "bomskok?". Een van my 1∓1 [kanonne] se loop en tromprem beskadig tydens brisantbestoking met – NB [nabyheidsbuis] loopvroeëbars?[78] Slaap in Lumeje. Het vandag ook J troep se vuur beheer.

*Woensdag 24 Desember 1975:* Beweeg vanaf Lumej 1000. Erf 'n bankskroef in graanmeule. Beweeg baie stadig aangesien U[nita] 'n paar statte deursoek vir vyand; ± 7 [man] in siv[iele drag] (MPLA?) wat weghol. Net anderkant Cassai Gare 'n afgebrande houtbrug. Lyk of vyand dit maande gelede (of dalk U[nita]?) afgebrand het. Genie maak ander oorgang. ± 15 km vanaf Cassai Gare nog 'n brug vernietig – oor 'n stroom met steil walle. Spandeer res van dag aan 'n brugboupoging.

Net na donker kom 'n U[nita] offisier met info[rmasie] en 'n kaart van 'n pad suid van spoor beginnende by Cassai Gare en lopende deur Nacional Parque de Cameia. Skynbaar geen brûe. Brugbouery word gestaak. Troepe maak 'n kersfeesboom. Maak paar tappe en gaan slaap. Verneem oor SAUK nuus dat U[nita]/FNLA-mag T[exeira] de S[ousa] reeds beset het, dat Russiese voertuie 'n dorpie in Zaïre daar naby aangeval het, dat U[nita]/wit huursoldate besig is om na H[enrique] de C[arvalho] op te ruk – gevolge van ons misleidingsplan? [Maj] Vos Benade arriveer as nuwe 2 I/B. My beskadigde kanon terug na Luso.

*Donderdag 25 Desember 1975:* Ons staan in gietende reën op. Woon kort kersdiens deur padre by in pantserkarlaer. Beweeg terug na Cassai Gare. As gevolg van swaar reën is oorgang wat vorige middag deur genie oor spoor (naby brug wat deur vyand afgebrand is) gebou is, moeilik begaanbaar. Word vertraag. In Cassai Gare gee 3 vyand hulself oor. Word weer vertraag as gevolg van ondervraging. Ons wag ook vir onderhoudselemente om vanaf Luso by ons aan te sluit aangesien ons reeds laag op rate [rantsoene] is.

Beweeg in die Nacional Parque de Cameia. 'n Eindelose plat oop grasvlakte. Geen wild te sien. Voorste U[nita] skiet 'n MPLA man langs pad dood. Beweeg aan tot 'n punt ongeveer halfpad tussen Cassai Gare en Luacano. Trek laer. Verneem van 'n 1∓1 [kanon] wat in W[este] uitgeskiet is deur rooioog, 'n Puma wat afgeskiet is (die een wat vroeër by ons was – [met] Chris Hartzenberg), van bemanning wat dit aan brand gesteek het en veilig teruggevlug het met vlieënier deur arm geskiet[79] en van 'n kanonnier[80] wat dood is. Verneem ook dat Unita en FNLA in die weste aanmekaar gespring het.[81]

Ontvang bottel brandewyn en 'n bier vir kersfees. Gaan slaap. Word [kort daarna] deur 2 I/B [meegedeel] bevelvoerders moet opgawe indien van ons brandstof- en ammunisie draver-moë en -behoeftes insluitende onderdele vir volgende 7 dae. Bespiegelinge – onttrekking van mag uit weste? Maks[imum] lugpoging in weste?? Verneem ook dat eie genie gedurende nag 2 brûe oor Cassai[rivier] noordwes en noordoos vanaf Lumeje moes gaan vernietig. Sit[uasie]????

75. Die MiG vegvliegtuie van Russiese oorsprong was voortdurend 'n brom van kommer vir die geallieerde magte.
76. As gevolg van die voortdurende fluktuering van die politieke situasie wat senutergend onsekerheid aan die front geskep het, is daar besluit om voorlopig personeel emosioneel voor te berei om lank in Angola te bly.
77. Lede van 2 SAI Bataljon was vanaf 11 Augustus 1975 onafgebroke in Angola ontplooi; aanvanklik by Ruacana en Calueque en later ook in Sentraal-Angola.
78. Die probleem was 'n tak voor die loop.
79. Maj Chris Hartzenberg was mede-vlieënier van kapt J.D. Milbank tydens 'n vlug noord van Cela op 22 Desember 1975. Tydens groepering van 'n observasiepos se personeel is die helikopter raakgeskiet, die boordtegnikus (vlug sers O'Neil) in die arm gewond en hulle moes 'n noodlanding digby die vyand doen. Hulle het net betyds die helikopter ontruim en in die riete van 'n nabygeleë moeras skuilig gesoek toe dit aan die brand slaan. Hulle het die volgende dag veiligheid bereik.
80. Twee kanonniers, M.J. Theunissen en S.M.J. Muller is op 23 Desember dood, vyf ander gewond en twee vir bomskok behandel nadat 'n rooioog op hulle kanonstelling geval het.
81. Dit het hoofsaaklik gegaan om beheer van dorpe soos Lobito, Benguela, Sà da Bandeira (nou Lubango genoem), Matala ens.

## 'n Pantserkar afgeskryf

*Vrydag 26 Desember 1975:* Beweeg saam met 2 pantserkartroepe tot by Chifumastasie waar observasielyn ingeneem word. Genie breek spoorlyn in afwagting van vyand se "gepantserde bewapende trein". Rook verskyn op horison – gaan stel ondersoek in – voorste Unita patrollie het 'n stat aan die brand gesteek. Later 'n tweede rookkolom. 'n Lang vervelige warm dag op die grasvlakte met geen skadu. Lê feitlik heel middag onder kar en slaap. Keer teen laaste lig terug na laer.

Verneem by [artillerie]offisiere van infanteriebevelsgroep se "mot [gemotoriseerde] infanterie-battaljon" mentaliteit wat gedurende dag begin posvat het – voertuie beweeg slegs kloksgewys, ... ens ens. Maj Brown blykbaar nie te vinde vir al hierdie drama nie. Sit[uasie] onduidelik?? Sodanig dat J troep se kannone oor hul voertuie moet skiet aangesien voertuie in die middel moet wees en wapens buite om laer! (Skyfie hiervan geneem). 'n Genie elem[ent] vergesel deur pantserkarre gedurende dag weg om 'n brug noordwes en 'n brug noordoos van Lumeje te vernietig. In proses 'n pantserkar afgeskryf deur myn. Vyand het net daarna mortiervuur op toneel neergebring.

*Saterdag 27 Desember 1975:* Beweeg saam met 'n pantserkartroep na 'n punt noordoos van Lumeje waar ons ontplooi en 'n brug verder vorentoe bestook dmv lug OP [observasie]. Oneffektiewe bestoking – kan nie skote sien nie. Ontsaglike klomp (groot) korr[eksie]s. Bad in 'n gruisgat langs pad. Beweeg terug. Hoor dat 'n ander pantserkartroep [in die] omgewing [van] Luacano "omsingel" is, dat J Troep inderhaas weg is om te gaan help, dat die gepantserde trein bestook is. Verneem van premier[82] se besluit ten opsigte van 7 Januarie. [Lt] André Brand-hulle skiet 'n steenbok.

## Die lang wag op nuwe orders

*Sondag 28 Desember 1975:* Ons staan sopnat op. 'n Koel reënerige dag. Beweeg terug na Luso. Terug teen 1930. Verneem by [kapt Cala Theron] van Veggroep Orange wat 'n pantserkar verloor het in vyand spuitvliegtuig lugaanval.[83] Niemand dood. Ook van een van hul wit patrollies wat in 'n Kubaanse hinderlaag beland het – dood 8 van vyand, vang 2, ... nog 2 gewond.[84] Maak planne om ons ophopende pos by Silva Porto self môre te gaan haal. Verneem van honde wat MPLA lyke begin opgrawe en opvreet. Sien ... [verantwoordelike personeel] reg in verband met oneerlikheid met verdeling van lekkernye en sigarette. 'n Geen rate [rantsoene] toestand heers – troepe lê vas in onderhoudseenheid se stoor... Ek kry ook rate [rantsoene] by tiffies [werktuigkundiges]. Is dit nog 'n aanduiding van 'n beweging na suide? Maj Brown waarsku ons om vroeg môre reeds alles vol brandstof te hê.

*Maandag 29 Desember 1975:* Stort by hospitaal. Was klere. C130 kom in – bring pos. Ontvang brief van ouers. My stukkende kanon word uitgevlieg. Eerste tekens van terugbeweeg in lug. Res van dag vervelig. Braai bokkie wat deur André-hulle 2 dae gelede geskiet is. Kerkparade 1700. Aangesê om gereeld te wees om saam met Vegspan Pink Panther ([kapt] Fred R[indell]) te beweeg op 30 min[ute] kennisgewing as veggroep res[erwe]. Sprake van vyand wat ons wil afsny. [Kapt] Cala [Theron] om 1400 weg om brug noord van Cangumbe te gaan vernietig.

B[attery] B[evelvoerder] maak nuus van terugkeer aan troepe bekend. Naamlys met name van DP's (dienspligtiges) wie se diens verleng is van 7 Januarie tot 7 Februarie bereik ons – almal se name op. Maak egter voor[siening] vir die wat weer gaan swot [studeer] of kontraktuele verpligtinge moet aangaan. Woon [kapt] Fred [Rindel] se ordergroep 2030 by. Verneem dat 3 troepe (òf Orange-mag se pantserkarbemanning wat deur Russiese vliegtuig bygekom is òf infanterie wat in Kubaanse hinderlaag beland het)[85] intussen dood is.

*Dinsdag 30 Desember 1975:* Staan vroeg op, kry uitrusting, kaarte ensovoorts gereed vir beweging in westelike rigting. Gaan so teen ± 0900 saam met kanonposoffisiere in dorp in... Kom terug ... [net] toe "Vat Hom" (30 minute gereedstaan vir res[erwe] taak[mag]) beveel word. Vertrek om 1400 uur.

---

82. Mnr B.J. Vorster het besluit dat die SA Weermag uit Angola onttrek en die besluit is op 25 Desember aan die bevelvoerders en leiers van Unita en die FNLA oorgedra. Daarna is ontttekkingsorders opgestel wat aan die verskillende veggroepe versprei is.
83. Die pantserkar van lt Piet Venter van Veggroep Orange is met 'n RPG uitgeskiet naby die Pombuigerivier en die bemanning het ongedeerd ontsnap. Op 18 Desember het 'n vyandelike geskutshelikopter 'n artilleriestelling aangeval sonder ongevalle onder die artilleriste. Die helikopter is met lugafweer raakgeskiet en nie weer gewaar nie. Later die maand het die vyand 'n spuitvliegtuigaanval gerig teen 'n patrollie wat ook ongedeerd daarvan afgekom het.
84. Hierdie berig verwys waarskynlik na 'n insident by Veggroep Orange, toe soldate op 26 Desember 1975 met Kubane gebots het met etlike verliese tot gevolg. Verder is een Kubaan op 23 Desember amper gevange geneem. Hy is gedood met sy eie handgranaat wat hy op sy omsingelaars wou gooi. Nog 'n Kubaan, lt Mustener, op 26 Desember deur Unita-lede gevange geneem.
85. Sien vorentoe 79 en 80 vir besonderhede.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 2, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



***Die foto is kenmerkend van die terrein waarin Veggroep X-Ray geopereer het. Hier is 'n 88 mm snelvuurkanon agter sy trekker.***



***Kapt Laubscher en sy personeel is vanaf General Machado per trein na die front.***



***Die sogenaamde "Luso-monster" was 'n stootskraper wat die vyand gepantser en bewapen het.***




***Luso se vliegveld.***

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 2, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

In Buçaco aangekom, kom 'n Engelssprekende offisier? vergesel deur 'n [Unita] offisier (strepe op skouers) na my en verseker my dat sy voorste troepe op die Luxairivier, 7 km vandaar is. Stuur hul na Fred [maj Fred Rindel] waar hy dit bevestig en byvoeg dat hy vandag 3 patrollies vanaf die vernietigde brug oor die Luxai[rivier] uitgestuur het, dat almal terug is en dat sy troepe dus almal agter die Luxai is. Beweeg vorentoe tot op 'n punt waar die dorpie anderkant die rivier sigbaar is. Kanonne ontplooi. Teen 1740 klap die eerste skoot: 351 ° 65 – diep in bos agter dorp, 347 ° 5700, regs agter dorp, 345 ° 4900 1SDV [skoot doelvuur] – 2 skote in dorp (een 1‡1 [kanon] het geen kruinvryheid), opgevolg deur 3 skote lugbars. Mense in dorp hardloop in alle rigtings, maar spoedig blyk dit dat hul na ons rigting, sommer op teerpad selfs, begin vlug. Sit best[oking] met een 1‡1 [kanon] voort op verskillende plekke in dorp, toe in diepte agter en toe weer in diepte uit op teerpad na Dala tot om 1810.

Beweeg terug teen laaste lig. Wonder hoekom mense in ons rigting gevlug het – meen eers dat eerste twee inskietskote se barse deur hul as MPLA vuur vertolk kon gewees het. Verneem egter by aankoms te Luso dat bogenoemde Unita offisiere (wat voordat best[oking] begin het met hul L[and] R[over] vorentoe is by brug) inderhaas by Fred aangejaag gekom het en gesê het dat ons baie van die bevolking in die dorp doodgeskiet het. Reaksie [my eie] – Dit is waarskynlik so, wat maak U[nita] agter die Luxai as die vyand ook die brug oor die Cassai verder noord vernietig het, hoekom patrollies in vriendelike terrein, hoekom die info[rmasie] aan ons gegee? Hoekom het pantserkarre nie vorentoe ontplooi nie? Hoekom wou [kapt] Fred [Rindel] kort-kort weet wat die reaksie in die dorp is? Tot dusver het die vyand hom nog altyd in dorpe bevind en daardie tyd van die aand – vure wat brand (kosmaak), slapenstyd wat nader ens het net die kans verhoog dat hy wel daar saamgetrek kon wees. Indien vyand by brug oor Cassai was, wat het ons in elk geval by die Luxai gaan doen? Verneem dat Cala-hul moontlik al in Silva Porto is, dat hulle die brug noord van Cangumbe voorberei het, dat verkenningskommando met 2 van hul pantserkarre oor brug is vir 'n taak vorentoe, dat hulle met hul terugkoms die brug sal blaas. Vanmiddag se op[erasie was bedoel as] 'n misleidingsop[erasie].

## 'n Eie opslaanbrug?

*Woensdag 31 Desember 1975:* . . . Ontvang 'n brief van Hettie – no 3. Weet nie wat van no 1 en 2 geword het nie. 'n Dakota laai springstof en teen-personeelmyne af – geskenk aan U[nita] of het hoërgesag intussentyd weer anders besluit? Lt Lubbe, een van [kapt] Cala [Theron] se manne kom per vliegtuig vanaf Silva Porto hier aan en vertel van 'n teleks daar ontvang waarvolgens op[erasie] nou weer normaal moet aangaan. Hul beweeg per trein terug – het ook glo heelwat voertuigprobleme gehad soontoe. Maak 'n bad – eers 'n ou B/F [Bedford] petroltenk probeer, maar probleme met verwydering van skotplate. Uiteindelik suksesvol met 'n petroldrom. Omly skerp rante met tuinslang. Vang 'n middagslaap.

Raak besiel om 'n vervoerbare brug te ontwerp. Beoog eers [om] metaal dakkappe in loodse [te gebruik]. Verneem egter van soortgelyke konstruksies op 'n rommelhoop in dorp. Gaan kyk. Ongeskik maar los balke beskikbaar. Kry nuwe idee van aflaatbare pilare. Probleem egter om dit aan sybalke vas te heg. Vervoer materiaal na vliegveld en begin koppe bymekaarsit. Kom donker in. Verneem van 'n Staandemag partytjie in beheertoring. "Dankie" dat hul aan my ook gedink het toe lede uitgenooi is! Vlieënier van Cessna, [kapt] Danie Laubscher, sit ook op sy eie en probeer aand omkry. Gaan sit met *Readers Digest* en skryf dagboek op. Mensbene lê al op aanloopbaan rond – honde se werk! B[attery] B[evelvoerder] lig ons in aangaande sit[uasie] – premier se 7 Januarie plan blykbaar 'n "ultimatum" aan Weste. Plan staan nog, maar op D-dag basis.[86] Verdere planne nog nie bekend. So teen ± 1900 begin U[nita] te skiet in dorp. Gaan sommer wild [tekere] met heelwat skote in vliegveld se rigting. Pantserkarre ontplooi en ons kry een 1‡1 [kanon] gereed (sommige verkeer onder indruk van vyand[elike] bedreiging!) – seker eerder veselperskewyn wat praat. Eie mortiere vuur 'n paar verligtingsbomme. Na sowat een-en-'n-half uur is dit weer stil.

Offisiere wens my geluk met bevordering[87] – vroeër die aand deur B[attery] B[evelvoerder] aan ons troepe ook bekend gemaak. Luister na musiek op SAUK. Padre Goodenough hou middernagdiens. Net toe dit stil raak en almal vir hom wag om te begin, trek U[nita] weer net agter vliegveld los met 'n sarsie – padre merk op, "We will be able to say that this service began with a bang." Sy boodskap is dat ons in

86. Dit wil sê dat 'n datum vir D-dag nog nie bepaal was nie.
87. Op 1 Januarie 1976 bevorder tot majoor.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 2, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

1976 ons Godgegewe gawe – tyd – maksimaal moet benut.

*Donderdag 1 Januarie 1976:* 0800 – Kort kerkparade. Begin meet en pas aan [beplande mobiele] brug [se] balke. Gaan loer by JAEA (= PWD [RSA se Public Works Department]) vir 'n groot boormasjien en sweisapparaat, boute en moere, ystersae, bore ens. Vind alles. Skakel met [Unita se] maj Chata in dorp vir verwydering van uitrusting na vliegveld – geen krag by JAEA perseel. Vind egter uit dat [die] vliegveld [se] kragproppe dood is en dat gasbottels leeg is. Sak in dorp in, snuffel orals, vind geen gas (idee op hierdie stadium om gate te sny in plaas van boor). Loop [Unita se] maj Vittorio in dorp by hoofkwartier raak – besig om van 'n koeëlwond in nek ([opgedoen tydens die verowering van] Luso, 10 Desember,) te herstel. Stel 'n gids tot ons beskikking om vir ons te gaan wys waar gas is – beland by 'n huis (skynbaar Vittorio s'n) – 30 lb [pond] Handigas! Wys na sweiswerk op 'n skoppelmaai en beduie deur middel van "ssss"-geluide dat ons soek na 'n sweisbottel. Ta [die handlanger van maj Vittorio] verstaan mooi – in huis in – kom tevoorskyn met blikkie aerosolsprei! Terug na [maj] Vittorio. Gaan met hom na CFB werkswinkel by stasie, langs kragstasie. Laasgenoemde [is 'n] hout-stoom aangedrewe [model]. Masjiene interressant. Kry 'n vertoning van masjiene aanskakel – skakelaars gooi ens vir vale. Reël dat ons môre alles in werkswinkel daar kom doen – volledig toegerus vir swaardienswerk. Neem JAEA uitrusting terug.

Verneem dat vyand ons berig (aanvr[aag] om teen-personeelmyne en voertuigmyne) onderskep het, glo dat ons T[exeira] de S[ousa] geneem het en [dat vyand] tans H[enrique] de C[arvalho] ontruim – dros uit plek uit. 'n Element vanoggend weg weer na brug by Lumeje – nog 'n misleidingsplan? [Kapt] Cala-hulle nog op pad [na die] ([trein]spoor). Kry opdrag om met 'n daaglikse roetine te begin en opl[eiding] te doen van môre af. Sê [lt] André aan om manne vir roetine was rivier toe te vat vir bad en klerewas terwyl ek en paar manne môre met brug sal aangaan. Oor algemeen is almal gatvol en verveeld en niemand weet met seker[heid] wat nou die sit[uasie] is nie. Wy my bad in!

*Vrydag 2 Januarie 1976:* Word wakker met [brugbou] probleem [en] ... lê en dink ... toe B[attery] B[evelvoerder] my 'n teleks wys waarop terugtoginstruksie is. Beveel troepe om met voertuigonderhoud aan te gaan en sê aan manne wat my met brug sou help dat dringende herstelwerk aan 'n lokomotief ons plan vir vandag verydel het. Vlieg met Cessna na Lumeje om instr[uksie] daar aan die manne by die brug oor te dra. Kom terug en ry draai deur dorp – soek na boekwinkel, maar kry niks. Algemene opgewondenheid en voorbereiding vir beweging heers. Niemand egter seker of ons heeltemal uitbeweeg. Regering moet skynbaar nog finale beslissing fel. Volgens vanoggend se teleks moet ons na Kuru Kuru[88] beweeg. Intussen [is die opdrag] weer verander – beweeg nou na Caiundo,[89] suid van S[erpa] Pinto. Res van middag lank en vervelig.

Woon kapt Fred [Rindel] se ordergroep om 2000 by – beweeg môre oggend 0400. U[nita] in dorp weet dat ons beweeg na Silva Porto – onder indruk vandaar na weste. Iemand? het egter sekerheid gebreek aangesien Johny Capella vanaand laat blyk het dat hul weet waarheen ons eintlik op pad is. Hul gesindheid reeds nie goed nie. Ons beplan om môre by Cuemba te slaap, insl[uitend die] voorbereiding van brug oor Cuanza vir vernieling. Tree van nou af op as res[erwemag] vir taakmag – moontlik om [Veggroep] O[range] te help om in noorde 'n skoon wegbreek te maak. Ons sal skynbaar by Caiundo [as] hou[mag optree] totdat almal uit is. Gerugte van 1 000 SWAPO in suide. U[nita] en FNLA veg by Gago Coutinho teen mekaar.

## Terug na Silva Porto

*Saterdag 3 Januarie 1976:* 0400. Vertrek [vanaf] Luso. 'n Nat, reënerige, koel dag. Beweeg sonder noemenswaardige teenspoed tot ± 4 km wes van Cuemba waar ons in laer oornag. [Veggroep] X-Ray nou [Veggroep] Boxer met eersgenoemde die hoofkwartier – misleiding.

*Sondag 4 Januarie 1976:* Beweeg tot in Silva Porto. Bereik dorp na vele probleme op pad met voertuie wat vassit ens. Weer terug by klooster. Hele plek een groot modderbad getrap deur onderhoudseenheid [se] voertuie. Verneem van brig Potgieter[90] en Puma bemanning se dood ... by Mussende. 'n Kmdt Verster (SALM) met vel 70% verbrand het vlammesee ontkom[91] – afgevoer. Tref elemente van Orange-mag in S[ilva] Porto aan. Trek in kamer in met bed en bedde-

88. Ook Nkurukuru gespel. Die plekkie is geleë op die grens tussen Angola en Namibië teenoor die Kavango.
89. Caiundo is noord van Nkurukuru.
90. Brig J.D. Potgieter, vlieëniers kapts C.D. de Wit en F. Immelman en boordtegnikus sers G.W. Kellett is in ongeluk oorlede.
91. Kmdt M.L. Verster het uit die helikopter gespring en so sy lewe gered.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 2, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

goed, eet aan tafel (waar onderhoudseenheid [se] personeel normaalweg eet) [as] gas van [kapt] Calla [Theron] en Ken Greeff.[92] ...

Verneem dat ons in Luso ± 400 vyand met kanonne doodgeskiet het. Verneem ook van vyand se plan van aanval met "monster" [dit was die gepantserde padroller[93] wat tydens die geveg by Luso aangewend is] verduidelik – aanvanklik was hulle verdegiging gerig op 'n frontale aanval, maar nadat ons [die] vliegveld gevat het (waarvan hul op vroeë stadium bewus was), het hul gedink ons hele mag is op vliegveld – stoot die ["monster"] toe in teen ons, wat inderwaarheid toe hul front aan res van ons aanvalsmag ontbloot het.

## 'n Nuwe naam – 'n nuwe front

*Maandag 5 Januarie 1976:* ... Vervelig, modderig en nat by klooster. Beweeg om 1400 as voorste observasie-offisier vir J Troep (my kanonne behalwe 1 bly agter) saam met hele veggroep na Calucinga, waar verdedigingstellings ingeneem moet word sodat brûe noordwes en noord van dorp vernietig kon word – deel van dekkingsplan vir [Veggroep] O[range] se terugtog? Beweeg tot noord van Vouga – draai om, gaan van teerpad af op grond pad in noordwestelike rigting – kompanie Kubane met 60 mm mortiere en 75 mm RCL [terugslaglose kanon] op hierdie pad om agter O[range] in te kom.

Verneem van biddag in RSA Woensdag die 7de, van eerste Burgermag Regiment wat vandag op trein geklim het (waar?), van brig Ben de Wet Roos wat nuwe 2 M[ilitêre] G[ebied][94] bevelvoerder is. Hoor ook dat pres[ident] Ford die Russe begin dreig met afsny van koringvoorsiening, dat hulle om konferensietafel sal gesels en indien dit niks oplewer dat VSA sterker (mil[itêr]) gaan optree. Na ordergroep om 2030 bespreek bevelvoerder ... se gesuipery (vanaand onbevoeg) en opdrag wat hy vanmiddag aan troepe gegee het om hoenders by klooster te steel – het in Pimlico kas saamgekom. Dreig om hom terug te stuur en my van môre af [in sy plek aan te stel]. Dit reën dat dit bars teen slapenstyd.

*Dinsdag 6 Januarie 1976:* Beweeg sonder teëspoed tot net wes van Missaca en trek laer.[95] Verneem van 'n artillerie OP [observasiepos wat] deur 'n infanterie peloton beskerm [is],[96] deur 150 Kubane aangeval, 1 dood, 2 gewond, 3 vermis aan eie kant. Selfde groep [Kubane] wat ons huidige aanmars tot gevolg het. Word om 0700 as bevelvoerder aangestel [in plek van die personeellid] wat terugbeweeg [na Namibië].

*Woensdag 7 Januarie 1976:* Beweeg sonder teëspoed tot by Cauréau ou Cotile waar verdedigingstellings gebasseer op hoë terrein ingeneem word. Onderweg daarheen word ± 30 voertuie asook skote oos van pad waarop ons beweeg, gerapporteer. Het hele konsternasie tot gevolg – uiteindelik vasgestel dat agterste elemente in ons konvooi raakgesien is en/of beeste [en] voertuie wat "back-fire". Ons doen stilregistrasie op 12 [teikens]. Ontplooi ook 'n VOO [voorste observasie-offisier] by infanterie LP [luisterpos] ± 1 000 meter voor stelling gedurende nag. Rig onsself in by veggroephoofkwartier. Verneem oor radio dat honderde duisende mense in RSA vandag se dienste van verootmoediging bygewoon het. Verneem ook van Russiese skepe wat missiele en tenks dra aan weskus. [Ontvang van die] H[oof van die] Leër [nuwe] opdrag; terugtrekplan gekanselleer. 2 M[ilitêre] G[ebied se] magte moet gebied suid van Cueverivier vir volgende 14 dae beveilig. Nog geen teken van vyand wat deur ons ingewag word. Bevel om vuur te open moet deur veggroep hoofkwartier gegee word. Pantserkarre ontplooi ± 3 000 m vorentoe as observasie [en beskerming] op hoë grond. Almal grawe in, maar kanonputte lewer water [reeds] op ± 0,5 m.

*Donderdag 8 Januarie 1976:* Word in grondseiltentjie wakker na heerlike nagrus met reën wat saggies val. Beweeg om 0900 saam met [maj] Vos Benade en kapt Fred [Rindel] en [tweede lt] Stoffel [de Wet] (genie) vorentoe om te sien of dit moeite sal loon om 'n voorste observasie-offisier saam met pantserkarre ver voor te ontplooi, om VV [verdedigingsvuur] teikens akkuraat op kaart-vergroting aan te bring en 'n geskikte pos[isie] te vind vir plaagmynveld. Besluit om voorste observasie-offisier en laasgenoemde [plan] te los. Kommandant [Joubert] op selfde roete as die waarop ons vyand verwag; vorentoe om met

92. Maj Ken Greeff was verantwoordelik vir logistiek.
93. Volgens kol Laubscher was dit 'n stootskraper.
94. 2 Militêre Gebied het in die stadium gestrek van suid van Luanda tot aan die Angola-Namibië grens.
95. Veggroep Boxer is in die stadium in die agterhoede van Veggroep Orange ontplooi.
96. Die berig verwys na 'n kontak op Veggroep Orange se front toe sktrs A.H. Potgieter, L.J. Kitshoff en P.J. Groenewald krygsgevange geneem is. Sktrs R.A. Maynard, J.A. Maritz, M.A. Smith en P.W.M. Snyman is in dieselfde skermutseling gewond. Laasgenoemde het aan sy wonde beswyk. Volgens informasie onlangs ingewin was hulle deel van 'n groep wat by 'n brug waggehou het totdat alle Unita-lede oor die brug onttrek het alvorens dit vernietig word.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 20, Nr 2, 1990. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

[Veggroep] Orange [se] bevelvoerder te skakel! Gaan om 1200 op diens by OP [opservasiepos] saam met bdr Terblanche en ['n] beskermingselement van 4 man. Begin om observasiepos te verbeter, maar staak dit in afwagting van moontlikheid dat ons miskien weer mag beweeg.

'n Vervelige middag. Luister nuus – 3 [krygs]gevangenes (insl[uitend] Pottie?)[97] in Luanda voor nuuskonferensie geparadeer, Savimbi wat sê dat 150 000 mense afgelope jaar in Angola omgekom het, Amin[98] wat vra vir 'n wapenstilstand Sa[terdag]nag 2400 voor OAE [tans OEA "Organisasie vir Eenheid in Afrika" se] konferensie begin, PW[99] wat sê dat RSA geen aansprake in Angola het! NB! Voorheen was dit [gesê,] geen troepe behalwe by Caluegue en dat SA soldate op vrywillige basis hier is. Vause Raw[100] vra dat regering troepe se ouers meer moet inlig oor toest[an]de op grens, dat moratoriumwet ook uitgebrei moet word om voor[siening] te maak vir lede op grensdiens en dat posstelsel na en vanaf op[erasionele] gebiede moet verbeter. Woon ordergroep 1900 by – rede vir ons 14 dae verdedigingsprogram is om te sien wat op OAE [OEA] konf[erensie] gaan uitbroei. Verneem dat [kapt] Chris van Zyl by my as troepbevelvoerder gaan oorneem.[101] Versoek bevelvoerder om weer iets omtrent voors[iening] van pos te doen.

*Vrydag 9 Januarie 1976:* 0900. Vertrek saam met kommandant [Joubert] en [kapt] Fred [Rindel] om vertr[aging]stellings op pad terug te verken ingeval ons onder vyandelike druk sou moet terugval. Stel[ling]s by Ucusso en Mungo met 5 brûe om voorberei te word [vir vernieling]. Teen ± 1600 terug . . .

*Saterdag 10 Januarie 1976:* Spandeer tot 1400 aan voorbereiding [van 'n] loopgraaf met oorhoofse dekking. Laaste graaf grond laat tuimel hele spul. Grawe weer oop, lap grondseile, maak net 'n tentjie bo-oor. Verneem van Kubane se lae moreel – kry glo nie voorraad (vernaam[lik] kos) van agter, geen mediese hulp wanneer in Angola. Hoor grofgeskut in noordooste – [Veggroep] Orange bevestig. 1700 ordergroep wat [kapt] Cala [Theron] ook moet bywoon – iets in die lug. Hoor Jacob[102] kom hierheen. Ek verneem ek moet sonder verwyl by Art[illerie] Sk[ool] rapporteer.[103] Hoor ook bev[elvoerder] se terugtogplan aan . . . Slaap sleg in gat.

*Sondag 11 Januarie 1976:* 0800. Vertrek op 1 ‡ 1 [kanon]trekker. Ontmoet Jacob van Heerden [by] Mungo. In Silva teen 1500. Loop [maj] Jorrie [Jordaan] en [maj] Luther de Bruin[104] daar raak. Plek opmerklik leër. Slaap in kerk, maar banke so hard en soveel lawaai as gevolg van kerk wat in siekeboeg omskep is dat ek maar min slaap.

*Maandag 12 Januarie 1976:* Woon inligtingsvoorligting by. Ontmoet PML [kmdt Paul Lombard] en bring res van dag by hom deur – eet, middagslaap en rondloop in dorp. Geen vliegtuig.

[Maj Laubscher het bykans 'n week gewag op die vliegtuig waarmee hy na Grootfontein is. Daar het hy een nag geslaap en is toe die volgende dag via Rundu terug na Lugmagbasis Waterkloof.]

* Kmdt Sophia du Preez (D. Phil) is verbonde aan die Direktoraat Openbare Betrekkinge.

97. Skrywer was bekommerd dat kapt Potgieter, artilleris by Veggroep Orange, die Potgieter was wat aan die Orangefront krygsgevange geneem is en na wie die radioberig verwys het.
98. President Idi Amin Dada van Uganda was voorsitter van 'n komitee wat benoem is om die burgeroorlog in Angola te beëindig.
99. Minister P.W. Botha, toe Minister van Verdediging.
100. Mnr Vause Raw was leier van die opposisieparty in die parlement.
101. Gedurende Desember 1975 het topbestuur besef dat personeel waardevolle operasionele ervaring in Angola opdoen en gevolglik is die beleid gewysig. Waar aanvanklik geopereer is om sekerheidsredes is met 'n beleid om so min as moontlik mense te betrek by die operasie, is daar teen Kersfees besluit dat soveel moontlik offisiere operasionele ervaring moes opdoen. Daar is om die rede verskeie verskuiwings aangebring. Kapt Laubscher was een van die offisiere wat 'n relatief lang dienstermyn in Angola beleef het.
102. Jacob van Heerden.
103. In daardie stadium was soveel personeel onttrek dat opleiding daar tot stilstand gekom het.
104. Maj Luther de Bruyn, was in bevel van infanterie tydens Veggroep Foxbat se aanval op Brug 14.